

26 Februarie 2009

Jaargang 2 – Uitgawe 4

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)



**Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld**

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)

Die Hervormer e-Hervormer

[www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)

[www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)



Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle: "Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"  
Uit Johannes 13: 12

## VOORBLAD

### Bedieningsvreugde van predikante

Geen organisasie kan bekostig dat 'n groot persentasie hoogs opgeleide mannekrag uit 'n onderneming verdwyn nie. 'n Mens sou wou dink dat dit in die besonder vir die Kerk geld. Hier praat ons tog van mense met 'n besondere roeping wat intensiewe opleiding van ses jaar deurloop en dan 'n onontbeerlike diens in die Kerk verrig. Die gegewens wat onder ons bekend geword het van 'n syfer bokant 30% die afgelope jare is uiters kommerwekkend!

Daar sou seker verskillende redes vir die onaanvaarbare verlies aan kosbare dienswerk aangevoer kon word, soos:

- \* Verlies aan werkgeleentheid vanweë krimpende lidmaatgetalle en finansiële omstandighede van gemeentes.
- \* Kommer oor die finansiële versorging van predikante, veral in gevalle waar van jong dominees verwag word om teen 'n minimumloon deelydse standplase te bedien.
- \* Daar was al dominees wat die bediening verlaat het as gevolg van kommer oor voorsiening vir kinders en later met aftrede (vir hulleself en hulle weduwees).
- \* Daar is klaarblyklik iets soos 'n loopbaan-onvergenoegdheid omdat predikante nie die geleentheid het om "bevordering" te ervaar nie. Eenmaal 'n dominee, altyd 'n dominee.

Miskien is daar ook rede tot besorgdheid oor die vraag of predikante dan nie bedieningsvreugde het nie en mettertyd ook die bedieningsmoed begin verloor. Ons het al in ons Kerk ondersoek gehad oor die verskynsel van uitbranding en moedeloosheid (om nie te praat van depressie nie).

Ons is ook in die Kerk besig om te besin oor bepaalde aspekte van predikantesorg en begeleiding. Dit moet met die nodige aandag en spoed voortgaan. Dalk is dit tog ook nodig dat ons vir mekaar sê dat daar sake is wat ons dominees onder mekaar maar moet hoor.

Die eerste en belangrikste is dat dominees wat so baie moet gee in hulle beroep dit nie kan doen sonder die nodige aandag aan hulle eie geloofsliewens en die wandel met die Here nie. Dit verg groot geestelike inspanning om die pad van predikantwees vrugbaar te kan volhou. Dit word onmoontlik sonder gebed en die leiding van die Gees.

Ons moet ook vir mekaar sê dat die lees- en studeerprogram van 'n predikant al hoe dringender word – om te oorleef met die eise, maar ook vir die innerlike versterking en vreugde in die bediening. Die geloofsliewe oor die algemeen is 'n voortdurende leerervaring as 'n mens nie wil stagneer nie. Hoeveel te meer dan vir hulle wat geroep is om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk in die wêreld. Predikante is in 'n beroep wat lewenslange leer vereis – om in die verhouding met die lewende Here verdieping te ervaar, te groei in wysheid, en om self en almal rondom hulle te lei tot beter insig en die toeneem in liefde, sodat ons al beter kan onderskei waarop dit werklik aankom.

Dit het dringend belangrik geword dat kerkrade en gemeentes sal verstaan hoeveel geëis word van geestelike versorgers in ons tyd. Moedig die predikante aan om aan die sake van eie geloofsliewe en doelgerigte leeswerk die nodige tyd en aandag te gee. En onthou veral om vir ons dominees te bid.

**Prof Piet Geysers, Redakteur**

\*\*\* Hierdie is die laaste e-Hervormer wat onder die redakteurskap van prof Piet Geysers saamgestel word. Die redaksie wens hom voorspoed toe en nog vele vrugbare jare in diens van die Kerk. Professor, dit was 'n voorreg om saam met u te werk.



## BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas.

### Beroep ontvang

- **Dr Ernest Marran** van Waterval Boven na Losberg.

### Beroep aanvaar

- **Prop Francois Evert** na Declercqville.

### Beroep bedank

- **Prop Francois Evert** na Losberg.

### Vakante standplase

- **Gemeente Pretoria-Oos** wag aansoeke in om hul vakante **volesorgstandplaas** te vul. Die suksesvolle kandidaat sal oor ongeveer 15 jaar ervaring in die bediening beskik. Kandidate moet bereid wees om 'n erediens in die gemeente te lei en 'n gesprek met die beroepskomitee te voer. Aansoeke met 'n volledige CV moet die skriba **voor of op 15 Maart 2009** bereik by Posbus 36318, Menlopark 0102, of elektronies by [ptaos@nhk.co.za](mailto:ptaos@nhk.co.za). Die Kerkraad behou die reg voor om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie. Navrae kan gerig word aan oudl Tom Moodie (voorsitter: ouderlingevergadering) by 082 553 8765, of oudl Roelf Coertze (skriba) by 082 908 3368.
- **Gemeente Oudtshoorn** beskik oor 'n vakante **deelydse standplaas**. Predikante en emeriti wat graag daar wil werk, kan die skriba, Antoinette Olivier, kontak by 084 955 3106, of die konsulent, ds Ferdie Nortjé, by 044 871 2125 / 083 469 6862.

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Gert (GC) van Staden**, emerituspredikant, vier op Sondag 1 Maart sy 50ste jaar in die bediening. Hy lei om 09:00 die erediens in Gemeente Pretoria-Oos, sy tuisgemeente. By die geleentheid sal 'n vriend en kollega, prof Adriaan Pont, gelukwense aan hom oordra. Ds Van Staden het die gemeentes Carletonville, Waterval Boven, Losberg, Bloemfontein, Bloemfontein-Wes, Krugersdorp-Noord, Tarlton en Silverton bedien, en die evangelisasiestandplaas Pretoria/Pretoria-Suid. Hy was, na die uittrede van ds Hennie Visser as Sekretaris van Barmhartigheid, die voorsitter van die destydse Algemene Diakonale Raad (ADR), en hy was ook vir 'n tydperk predikantslid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV). Die Kerk bid die egpaar seën en voorspoed toe.
- **Ds Flip Prinsloo** van Gemeente Rustenburg-Kloof het by die Kommissie van die AKV aansoek gedoen om voortydig te emeriteer. Die Kommissie besluit by sy vergadering op 5 Maart daaroor.
- **Dr Hendrik Breytenbach**, wat deur die Kommissie van die AKV toegelaat is om voortydig te emeriteer, het aansoek gedoen om weer beroepbaar gestel te word. Die Moderamen het reeds met hom in gesprek getree, en die Kommissie sal sy aansoek op 5 Maart hanteer.
- **Ds Eksteen Botes** van Nelspruit besoek van 20 tot 29 Maart die Afrikaanssprekende lidmate in Uganda. Hy is verantwoordelik vir besoeke in Afrika, en sy kerkraad laat hom toe om die werk namens die Kerk te doen.




Dr Ernest Marran

Prop Francois Evert



Ds Gert van Staden

Ds Flip Prinsloo



Dr Hendrik  
Breytenbach

Ds Eksteen Botes



Ds Casper Steenkamp



Ds Gert Beukes

Ds Janida van der Westhuizen

- **Dr Ernest Marran** was die afgelope week in die hospitaal nadat hy sy hakskeensening beseer het. Hy verduur baie pyn en ongemak en sal hopelik teen die einde van die week ontslaan word.
- **Ds Casper Steenkamp** van Mafikeng het die Kommissie van die AKV versoek om voortydig te emeriteer. Sy aansoek word op 5 Maart behandel.
- **Ds Gert Beukes** het die Kommissie van die AKV versoek om hom uit sy huidige standplaas, Belfast/Dullstroom, los te maak. Die Kommissie het die versoek by sy onlangse buitengewone vergadering goedgekeur. Ds Beukes neem op Sondag 1 Maart afskeid van die twee gemeentes.
- **Ds Janida van der Westhuizen**, tans woonagtig in Jeffreysbaai, het 'n beroep ontvang na die plaaslike gemeente van die NG Kerk. Die Kommissie van die AKV is tans in gesprek met die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) van die NG Kerk oor die aangeleentheid. Ds Van der Westhuizen het saam met ds Danie Taljardt in Gemeente Sionshoogte gewerk.
- By die vergadering van die Kommissie van die AKV op 5 Maart word vyf kandidate **toegelaat tot die evangeliebediening**. Twee is finalejaarstudente van 2008, een 'n kandidaat uit 'n vorige jaar wat nie aan die einde van daardie jaar toegelaat is nie, en twee is voormalige predikante wat hertoegelaat word. Die plegtigheid vind plaas in die kerkgebou van Gemeente Pretoria die aand van 5 Maart. Meer besonderhede sal later beskikbaar wees.
- **Ds Pierre Jacobs**, beroepafwagende predikant, versoek dat inligting oor lidmate van die Kerk en ander kerke wat in enige dorp in die Koninkryk van **Saoedi-Arabië** vertoef, aan hom deurgegee word. Sy e-posadres is [pjacobs@colliers-me.com](mailto:pjacobs@colliers-me.com).
- Die **Proponentseksamen** van drie teologiese kandidate vind op Dinsdag 3 Maart plaas. Hulle word sterkte met die eksamen toegebid. Die studente het so pas hulle praktiese onderrig van twee weke onder leiding van prof Theuns Dreyer en die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) afgehandel.
- Die volgende **predikante verjaar tot 4 Maart** en word hartlik gelukgewens:
  - Donderdag 26 Februarie: Ds Monja-Lize van Belkum en dr Jonanda Groenwald
  - Vrydag 27 Februarie: Ds Klaas Koning
  - Saterdag 28 Februarie: Di Anneline Geyer-Matthysen en Herman Meyer
  - Sondag 1 Maart: Ds Chantel Aldrich
  - Maandag 2 Maart: Di Johan Delpport en Etienne Fourie
  - Dinsdag 3 Maart: Ds Faan Visser
  - Woensdag 4 Maart: Di Johann Mouton en Johan Smit
- Predikante is verplig om die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se Voortgesette Toerusting by te woon. Die twee VTT-geleenthede vanjaar is **2-3 Junie** en **10-11 November**. Dit vind plaas in die kerkentrum van Gemeente Villieria, en die tema is *Persoonlike vaardighede* (byvoorbeeld konflikthantering, beïnvloeding en emosionele intelligensie). Laat weet **mev Betsie Brits** asseblief **voor 26 Mei** indien u die geleentheid in Junie wil bywoon. Enige navrae kan ook aan haar gerig word, by 012 420 5393, faks 012 420 4303 of [betsie.brits@up.ac.za](mailto:betsie.brits@up.ac.za).
- Die volgende wysigings kan in die nuwe *Almanak* aangebring word:

Bladsy 37: Ds ANJD Alberts

  - Sy adres is Protea 168, Gloverlaan, Centurion 0140.





Bladsy 38: Ds PP Jooste

- Sy adres is Finusweg 39, Valhalla 0185.

Bladsy 39: Ds JP Snyman

- Verander sy besonderhede na Posbus 75603, Lynnwoodrif 0040, tel 083 529 2858.

Bladsy 39: Ds WL van der Merwe

- Haal die Swaruggens-adres en -telefoonnommers uit; behou Posbus 644, Zeerust 2865, tel 082 785 0592.

Bladsy 40: Ds EP Vosloo

- Verander die besonderhede na Posbus 233, Parys 9585, tel 084 504 6434.

Bladsy 43: Mev JZ van Staden, predikanteweduwee

- Sy is op 29 April 2008 oorlede.

Bladsy 65: Gemeente Zwartuggens

- Verander ds Dawie Jacobs se besonderhede na Posbus 699, Hoedspruit 1380, tel 083 456 0831.



Ds Buddy Dupper

- **Gemeente Bloemhof** het na baie jare besluit om die kombinasie met Gemeente Christiana te verbreek. **Ds Buddy Dupper**, predikant van die kombinasie, woon tans op Christiana en sal vanaf 1 Maart in die deelydse standplaas van Christiana werk.

- Die Kommissie van die AKV sal op Donderdag 5 Maart die aansoeke van verskeie gemeentes om **uitstel van beroepswerksaamhede** behandel. Die meeste van die gemeentes is besig met strategiese beplanning oor toekomstige bediening. Die Kommissie het die verantwoordelikheid om toe te sien dat beroepswerksaamhede voortgaan en standplase gevul word in belang van gemeentes. Die aansoeke van onder meer **Joachim Prinsloo, Noordrand, Primrose-Oos en Dendron/Vivo** sal bespreek word.



Dr Malan Storm



Dr Fanie Pretorius

- Drr Malan Storm, Fanie Pretorius en mnre Kobus Viljoen en Elmar Struwig het, in opdrag van die Moderamen en op uitnodiging van die Ringskommissie van **Noordelike Natal**, op Maandag 23 Februarie besoek afgelê in die ring. Die Ringskommissie onder leiding van ds Jan Kay het met verteenwoordigers van die verskillende kleinere gemeentes soos **Glencoe, Utrecht en Ladysmith** gesprek gevoer oor die toekomstige bediening en die sluiting van moontlike kombinasies. Faktore wat in ag geneem moet word, is die lidmaatinploffing, die vermindering van predikante en die dalende inkomste van gemeentes. Tans is Gemeente Glencoe vakant en ds Herman Gothan, predikant van Utrecht, het 'n beroep na Heilbron ontvang.



Mnr Kobus Viljoen



Mnr Elmar Struwig

- Die Kommissie sal op 5 Maart verslae van **proff Ernest van Eck en Jimmie Loader** behandel oor die Suid-Afrikaanse Gemeente in Londen en die bediening in Wenen onderskeidelik. Prof Van Eck het besoek afgelê en gesprek gevoer met verteenwoordigers van die gemeente in Londen, en prof Loader behartig al vir etlike jare, naas sy taak as dekaan van die teologiese fakulteit van Wenen, die bediening van Afrikaanssprekende lidmate in Wenen.



Prof Ernest van Eck



Prof Jimmie Loader

- Sondag 1 Maart se **deurkollekte** word afgestaan vir **kinderversorging**. Kerkrade en predikante word versoek om die saak bekend te stel in gemeentes.

- **Gemeente Ermelo** is op 1 Mei 2009 **100 jaar oud**. Dit word feestelik gevier die naweek van **16 en 17 Mei**. Op Saterdag 16 Mei om 18:30 vind die Voorbereidingsdiens plaas, wat gelei sal word deur 'n vorige predikant van die gemeente, dr Frans Boshoff. Nagmaalviering vind plaas op Sondag 17 Mei om 10:30, en sal gelei word deur die huidige predikant, dr Piet van Zyl. Tydens die bediening van die Nagmaal sal die huidige predikant en die vorige predikante, di Willie Roos, Nico Brayshaw en dr Frans Boshoff, die verrigtinge lei. Oudlidmate en ander belangstellendes word uitgenooi na die feesgeleentheid. Kontak dr Piet van Zyl by 017 811 2434, die gemeentelike kerkkantoor by 017 811 2614, of Willie van Zyl by 084 358 8056.



Die kerkgebou van Gemeente Ermelo

- **Gemeente Oos-Moot** bied op Sondag 1 Maart 'n **Woord- en Lieddiens vir Paastyd** saam met **Rina Hugo** aan in die kerkgebou by Collinslaan 1265, Môregloed, Pretoria. Die deurkollekte gaan vir die Christelike Seemansorganisasie. Na afloop van die erediens sal lidmate geleentheid kry om vir iemand op see 'n boodskappie in Engels te stuur. Vir meer besonderhede, skakel die skriba, Klaas Botha, by 082 775 3725, of prof Bieks Beukes by 072 036 4960.
- **Gemeente Hartebeeshoek** in Akasia (Pretoria) voer in Maart die **Passiespele** op. Al die akteurs, spreekkoorlede en sangers sal lidmate van die gemeente wees. Die uitvoerings is op Donderdag 5, Vrydag 6 en Saterdag 7 Maart om 19:00, en 'n middaguitvoering vir bejaardes om 14:00 op Sondag 8 Maart. Dit vind plaas in die kerkgebou, hv Plantain- en Oaklandsstraat, The Orchards, Akasia. Toegang is R20 per persoon. Skakel Estelle Bezuidenhout by 072 882 9922 vir meer inligting of om te bespreek.
- Op Saterdag 2 Mei om 09:00 bied **Gemeente Delareyville** die **Genl Delareyfees** aan. Die gaskunstenaar is Bok van Blerk en die toegang is gratis. Die dag bied iets vir almal – 'n veiling met unieke artikels, hope hoë kwaliteit vleis teen billike pryse, en 'n verskeidenheid lekkernye om aan te smul. Daar is ook vermaak vir die kinders, en 'n kompetisie met as 1ste prys 10 topverse en 'n bul of R35 000, 2de prys 10 skaapooie of R6 000, en 3de prys 'n koedoe en 'n blesbok. Vir meer inligting of om 'n kompetisiekaartjie te koop, kontak ds Leslie Kern by 083 588 1332, Willie Naudé by 083 411 7795, Charles Olivier by 082 524 9091, of die gemeentelike kerkkantoor by 053 948 1992.

## ANDER NUUS



Dr Daan van Wyk

- Op Maandagmiddag 2 Maart vind 'n funksie plaas rondom die **internasionale kreditering** van die *Hervormde Teologiese Studies (HTS)*. By die geleentheid sal die **aanlyngaan** van die HTS amptelik deur *African Online Scientific Systems (AOSIS)* bekendgestel word.
  - Die Tussenkerklike Raad (**TKR**) het die afgelope week in Potchefstroom vergader onder die voorsitterskap van dr Daan van Wyk (jr). Verskeie belangrike sake wat die susterkerke raak, is bespreek.
  - Die saamdinkgeleentheid van die Kommissie van die AKV, lede van die Raad van Finansies en ander oor moontlike **finansiële besparings vir die Kerk** op die kort en lang termyn, het goed verloop. Die Raad van Finansies sal by sy vergadering op 27 Februarie en die Kommissie by sy vergaderings op 5 en 6 Maart aan die resultate aandag gee.
  - Die **Raad van Finansies** vergader op Vrydag 27 Februarie vir sy gewone kwartaalvergadering. Soos gewoonlik sal 'n uitgebreide agenda behandel word, en talle gemeentelike aangeleenthede kom aan die orde.
  - Die Kommissie van die AKV kom op 5 en 6 Maart byeen vir sy gewone kwartaalvergadering. Belangrike gebeure tydens die vergadering is die **toelating van kandidate tot die evangeliebediening** op Donderdag 5 Maart, en die **gesprek met die afvaardiging van WARC** op Vrydag 6 Maart. Lede van die Raad vir Ekumene sal ook aan die gesprek deelneem. 'n Gespreksdokument, wat ook later aan ouderlingevergaderings beskikbaar gestel sal word, is deur die Kommissie en die Raad vir Ekumene saamgestel vir behandeling tydens die geleentheid. Die gesprek vind plaas in opdrag van die 68ste AKV en handel oor die Kerk se aansoek om lidmaatskap by die wêreldliggaam.
  - Die redaksie van die **Almanak** het op Woensdag 25 Februarie in Pretoria vergader onder leiding van die redakteur, ds Kálmán Papp. Daar is met dank kennis geneem dat die verspreiding van die nuwe *Almanak* suksesvol verloop het. Die nuwe omkeerformaat waarin die *Almanak* en *Bybelse Dagboek* verskyn het, is oral in die Kerk verwelkom. Beplanning is gedoen vir die 2010-uitgawe. Die beplanning van die *Bybelse Dagboek* vir 2010 is goed op dreef onder leiding van die redakteur, ds Piet van der Merwe, predikant van Gemeente Zoutpansberg.
- Daar is nog eksemplare van die **Almanak van 2009** beskikbaar. Bestel dié pragpublikasie, waarby die *Bybelse Dagboek* ingebind is, teen R90 van mev Cecile Naudé by 012 322 8885 of [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za).
- Daar is nog heelwat van die **boeke** wat onlangs deur SENTIK afgeskryf is, by die sinodale Kerkkantoor beskikbaar. Skakel met mev Susann van Zyl by 012 322 8885 of [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za) indien u enige navrae daaroor het.



## BAIE BELANGRIK!

- Daar word tans noodsaaklike instandhouding gedoen in die **Kerk se Argief** in die Dirk van der Hoffgebou. Gemeentes word opnuut versoek om **nie voor 23 Maart** enige argiefstukke na die Argief te bring nie, en om vooraf met die argivaris, mnr Nándor Sarkady, by 012 322 8885 in verbinding te tree voordat hulle die Argief besoek. Navorsers sal nie in hierdie stadium toegang tot die Argief kan kry nie.



- **Ons Tuis**, die Kerk se tehuis vir bejaardes, hou op **Saterdag 7 Maart van 08:00 af basaar**. Die ingang is in Parkerstraat, Riviera, Pretoria. Gaan geniet pannekoek, vetkoek, vleispasteie, kerrie en rys, nagereg en vele meer. Koop topgehalte naaldwerk deur die inwoners self gemaak, en items op die witolifant-, boeke- en groentetafels. Onthou, u bydrae help onder meer om die verblyf van mense wat nie oor die nodige fondse beskik nie, te borg. Indien u nie self daar kan wees nie maar tog 'n bydrae wil maak, kontak mev Marietjie Kok by 012 333 1652 of 082 405 6146.
- Die **NHSV hoofbestuur**, in samewerking met die Algemene Diakensvergadering (ADV), bied op Saterdag 6 Junie van 09:00 tot 13:30 'n beraad aan oor **dissipline**. Die tema is **Gesonde gesinne**. Dit vind plaas by Gemeente Montana, hv Jan Bandjies- en Azanzaweg, Montana, Pretoria. Die sprekers is dr Johan Otto (predikant van Gemeente Premiermyn), Ansie Kitching (lektor in Opvoedkundige Sielkunde aan Noordwes-Universiteit) en Marius Botha (dissiplinêre hoof van Hoërskool Garsfontein en deeltydse dosent aan UP). Dr Wilhelm Coetzer, sekretaris van die ADV, tree op as programleier. Die inskrywingsgeld is R100 per persoon en is betaalbaar aan die NHSV hoofbestuur, ABSA, rekeningnommer 405 145 4181. Skakel en bevestig u inbetaling by die NHSV kantoor (012 325 0117) voor 15 Mei, sodat hulle 'n opname kan maak van die getalle.
- **to care** het verlede jaar etlike sending- en diakonale projekte van die Kerk in ringe en gemeentes finansieel en andersins ondersteun, en die jaar afgesluit met 'n oproep dat lidmate 'n gedeelte van hul Kersgeskenkgeld vir 'n behoefte mens moet gee. Die reaksie was verblydend en **to care** sê dankie daarvoor. Vir die eerste helfte van vanjaar fokus hulle op opleiding van dagsorgpersoneel in Hammanskraal, ondersteuning van informele dagsorgsentrusse in Hammanskraal, opleiding van MIV/vigs-tuisversorgers, ondersteuning van die studentegemeente Philadelphia se fietstoer, 'n Paasmusiekfees in Pretoria, 'n gholfdag in Pretoria, en deurlopende fondswerwing by individue en institusionele donateurs. Elkeen kan help deur 'n bydrae te maak of **to care** te vertel van persone of instansies wat genader kan word om 'n bydrae te maak. Kontak [care@tocare.co.za](mailto:care@tocare.co.za) of besoek die webblad [www.tocare.co.za](http://www.tocare.co.za). Die bankbesonderhede is to care foundation, ABSA, takkode 632 005, rekeningnommer 4071199298. Stuur u naam, telefoonnommer en e-posadres aan [linda@tocare.co.za](mailto:linda@tocare.co.za) om gereeld hul nuusbrief te ontvang.
- Die Ondersteuningsraad benodig dringend 'n enkelbed met sy matras, asook 'n ekstra matras (enkelbed) vir 'n gesin. Kontak mev Mariaan Steenkamp by 012 322 8885 indien u kan help.

Die Raad het besonder positiewe reaksie gekry op die versoek vir die skenking van skoolbenodighede. Verskeie skenkings is reeds ontvang. Baie dankie veral aan gemeentes Midrand en Kemptonpark-Oos.

- Die volgende **vergaderings** vind ook plaas:
  - Die Ondersteuningsraad se werkwinkel op Donderdag 26 Februarie.
  - Die Komitee vir Gesinsorg en Huweliksverhoudings op Vrydag 27 Februarie. 'n Dokument wat pas ontvang is oor die gewysigde Huwelikswetgewing sal behandel word.
  - Die redaksie van *Konteks* op 2 Maart.
  - Die Komitee vir die Hersiening van die Kerkorde op 2 Maart.

# AGTERBLAD - Besoek ons webblaaie!

U kan 'n voorsmaak kry van ons publikasies deur die verskillende webwerwe te besoek.

Hier kan u elke maand lees waaroor in die betrokke uitgawe geskryf is. Lees proe-proe, en bestel dan daardie uitgawe teen R11, of skryf in om *Konteks* 'n jaar lank te ontvang teen net R110 vir 10 uitgawes.

<http://www.konteks.co.za/>



<http://www.konteks.co.za/inligting.htm>



Konteks tydskrif



Die *Hervormer* se webblad was lank "onder konstruksie", maar nou kan u daarop ingaan en in die argief lees waaroor die afgelope maande in die Kerk se amptelike mondstuk geskryf is. Teken in op *Die Hervormer* en ontvang 11 uitgawes vir R70.

<http://www.hervormer.co.za/>



<http://www.hervormer.co.za/Hervormer.html>



Die Hervormer koerant



Al die vorige uitgawes van ons gratis weeklikse nuusbrief, die *e-Hervormer*, is nou beskikbaar op die webblaaie van die Hervormde Kerk en *Die Hervormer*. Verken die argief, teken in om die *e-Hervormer* elektronies te ontvang, en lees weer oor predikante wat van standplase verander het, en al die gebeure rondom Kommissiesittings en gemeentelike feesvierings.

<http://www.hervormer.co.za/>



[http://www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)



*e-Hervormer* (volledig en drukweergawe)

